Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-08-02

Liewe Ouers

GR.R 2025

Neem asseblief kennis dat aansoeke vir **Gr.R 2025** vanaf **1 – 16 Augustus 2024** aanlyn by die WKOD se webblad gedoen moet word. **SLEGS huidige Gr. RR-leerders van Klein Lochieland moet aanlyn aansoek doen vir Gr. R 2025**

Volg die volgende skakel: https://wcedonline.westerncape.gov.za/admissions-202324

Bewys van registrasie wat u van die WKOD af ontvang, moet asb. na Klein Lochieland na adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za **gestuur word.** Onthou asb. om op die WKOD aansoek **Laerskool Lochnerhof** as eerste keuse aan te dui.

GR.RR – 2025

Gr.RR-aansoeke vir 2025 se aansoekproses is oop. Aansoek- en registrasievorms is beskikbaar by Laerskool Lochnerhof by admin@lochnerhof.co.za. Stuur u aansoek vir 2025 so gou moontlik na die skool.

Geen aanlynregistrasie is nodig vir gr.RR 2025 nie – slegs die skool se vorms moet voltooi word.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het nog voorraad en daar is van die volgende groottes beskikbaar:

4-5 jariges
5-6 jariges
7-8 jariges en
9-10 jariges

Indien u nog belangstel stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

WAGKLAS

Die wagklas sal voortaan op reëndae in die Hasieklas wees. Andersins speel hul buite.

SPEELGOED

Ons wil graag 'n dringende beroep op die ouers doen om te kyk dat kleuters nie speelgoed saam skool toe bring nie! Dit veroorsaak baie hartseer en onenigheid tussen maats. Dit trek ook hul aandag van hul skoolwerk af. Maak asb. soggens seker hulle pak nie klein speelgoedjies in hul tasse nie.

EKSTRA KLERE

Onthou asb. om ‘n ekstra stel **WARM** klere vir u kleuter in die tas te pak, vir ingeval u kind baie nat raak by die skool. Hulle moet ook met ‘n warm baadjie skool toe kom, asb!

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **BESOEDELING en HERWINNING**

Ons persepsies is:
Getal: **8, ag en agste**
Klank: **y-klank**

Assessering:
Tel ritmies tot 30
Tel terug van 8 tot 0
Ken die maande van die jaar

Maandag	5 Augustus:	***Bring prente wat met ‘n y-klankie begin, asb.***
Dinsdag	6 Augustus:	Ons leer meer oor herwinning
Woensdag	7 Augustus:	Wat is besoedeling?
Donderdag	8 Augustus:	Ons collage ‘n besoedelingsprent
Vrydag	9 Augustus:	***VROUEDAG: Skool en Nasorg is gesluit!***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **VERVOER**

Ons persepsies is:
Getal: **5**
Klank: **f-klank**
Kleur: **Oranje**
Vorm: **Reghoek**

Maandag	5 Augustus:	***Aanlynregistrasie: WKOD webblad- Graad R registrasie vir 2025. Stuur bewys van registrasie, asb.***
Dinsdag	6 Augustus:	Ons maak ‘n lugballon
Woensdag	7 Augustus:	Ons teken motors
Donderdag	8 Augustus:	Ons maak ‘n getalletrein
Vrydag	9 Augustus:	***VROUEDAG: Skool en Nasorg is gesluit!***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel